# Beginsels van 'n gelukkige huwelik

## Study 2 - Genade

Ek het nie beplan om 'n reeks oor die huwelik te skryf nie, maar toe ek begin, het ek skielik besef dat dit die regte ding sou wees vir my om my sukses verhaal tot u seën te deel. Daar is gans teveel tragiese verhale daar buite. Soveel so dat daar sekerlik menige mense is wat dink dat, met al die druk wat die lewe gee, dit nie moontlik is om 'n gelukkige huwelik te hê nie. Ek wil egter vir u sê dat dit wel moontlik is. En dit is nie net moontlik vir mense daar buite om gelukkig te wees nie; dit is net so moontlik vir jou om jou gebroke huwelik op te tel en te sien hoe God dit in iets sag en mooi en vredevol kan verander. Daarom dat ek besluit het om van die dinge te deel wat ek glo, bygedra het tot ons geluk.

Ek moet van die staanspoor af se dat ek in God glo. Ek glo in sy heilige Woord, die Bybel. En ek glo dat Hy die Skepper van die hemel en die aarde is en dat Hy ons intiem ken. Hy ken ons fisiese raamwerk. Hy ken ons emosionele samestelling. Hy ken ons behoeftes, fisies en geestelik, en Hy sorg. As gevolg van sy persoonlike sorg vir my en vir jou, het Hy daarvoor gesorg dat die Bybel as 'n handleiding vir ons lewens geskryf word. Die beginsels waarop my huwelik gebou is, is daarom stewig op daardie *"handleiding"* gebasseer, en ek glo dat die Bybel geheel en al voldoende is om vir ons spesifieke rigting vir elke aspek van die lewe wat ons mag teëkom, te gee.

Die opdragte in die Bybel kom gewoonlik in die vorm van beginsels, en die volgende beginsel was gedurende die grootste gedeelte van my huwelik, vir my 'n seën. Ek het dit gelukkig op 'n vroeë stadium geleer.

> *Efes 4:29 "Laat daar geen vuil woord uit julle mond uitgaan nie, maar net 'n woord wat goed is vir die nodige stigting, sodat dit genade kan gee aan die wat dit hoor."*

Die Bybel praat baie oor die tong – of die woorde wat uit 'n mens se mond kom.

> *Psa 140:4 "Hulle maak hul tong skerp soos 'n slang; gif van 'n adder is onder hulle lippe."*

> *Spr 12:18 "Daar is een wat onverskillig woorde uitspreek soos swaardsteke, maar die tong van die wyse is genesing."*

Hoe kragtig is die tong nie! Dit kan opbou of vernietig – maak of breek. Ek gaan nie veel oor die afbreek deel gesels nie – dit is baie duidelik en mens sien dit oral om ons gebeur – en daar is talle Skrifgedeeltes daaroor. Ek wil eerder oor die opbou gedeelte praat.

Die Skrif in *Efésiërs 4:29* gee ons iets baie positief om te bedink. Wat is *vuil woorde* (in die Engels praat dit van *"unwholesome"*)? Die woord *heilsaam* gee mens die idee van volheid, voedsaamheid en gesondheid. *Vuil* of *"unwholesome"* soos die Engelse vertaling dit noem, is dan die teenoorgestelde. Hierdie is nie noodwendig eers slegte woorde nie – hulle is net nie goeie woorde nie – soos klein aanmerkings wat die neiging het om iemand af te breek of sleg te laat voel. Tieners is gewoonlik

kundig hierin, en alhoewel woorde soms in 'n grap gesê is, kan hulle nietemin steeds diep seer maak.

Die ou Engelse gesegde, *"Sticks and stones may break my bones, but words will never hurt me,"* is nie die waarheid nie. Woorde maak seer. Lank nadat die fisiese wond wat deur 'n stok of 'n klip toegedien is, genees het, talm die diepe emosionele wonde van woorde nog. 'n Gebeurtenis kan enige oomblik die seer weer na vore bring en 'n reaksie van daardie verwonde persoon ontlok.

*"LAAT DAAR GEEN vuil woord ..."* dui daarop dat die stroom woorde wat uit ons monde kom, binne ons beheer is. Ons kan dit aan- of afskakel. As dit vuil is, *skakel dit eenvoudig af* – maak nie saak hoe vreemd dit mag klink of hoeveel die ander persoon jou daartoe gedryf het nie. *SKAKEL DIT AF!*

Dan vertel die Skrif vir ons watter deel om aan te skakel – *woorde wat opbou, wat genade aan die hoorders gee.* Ons weet dat om te stig, beteken om iemand op te bou. Maar wat beteken genade? Predikers gee gewoonlik die betekenis van *onverdiende guns*. Wat beteken dit? Eenvoudig dit: jy gee onverdiende guns aan iemand wat dit hoegenaamd nie verdien nie.

Kom ons sit dit in konteks van ons onderwerp – om woorde aan iemand – ons eggenoot – te spreek. Veronderstel jou eggenoot het pas iets gesê of gedoen wat jou regtig seermaak of irriteer. Wat is jou reaksie? Onverdiende guns beteken dat jy reageer deur woorde te spreek wat haar begunstig ver bo wat sy verdien (ek bedien weereens vanuit die man se oogpunt – julle

dames kan hieruit neem wat julle wil en geseend wees daardeur).

Stel jou voor dat jy met 'n vriendelike woordjie reageer wanneer jou vrou jou nou net met iets kras gelooi het! Hoe dink jy sal sy reageer? Ek onthou altyd dat Jesus genade aan my betoon het toe ek dit nie verdien het nie. My vrou het ook al genade aan my betoon wanneer ek in die versoeking gestel is. Ek is haar baie verskuldig dat sy my opgelig het wanneer ek byna gestruikel het, en haar deernis in gebed wat my deur moeilike tye gedra het, veroorsaak dat ek haar nog liewer het.

Kom ons wees eerlik – dit vat twee om te baklei. As die baklei bui van net een kant af kom, en die ander party met sagte woorde en gebare reageer, sal die geveg nooit begin nie. As jy dit 'n gewoonte maak, sal jy naderhand vind dat daar geen kras woorde in jou huis gespreek word nie. Ek het nog nooit my hand vir my vrou gelig nie, ek het nog nooit op haar geskree nie en ek het nog nooit swak taal in ons huis gebruik nie. Ek doen dit eenvoudig nie! Geen eer kom my toe nie. Die Here het my dit deur sy Woord geleer. En wat 'n seën is dit nie in ons huis nie!

Dit beteken nie dat ek alyd reg is nie. Ek is geen heilige nie! Ek is dikwels verkeerd en my vrou het my foute al by geleentheid duidelik vir my uitgewys. Niemand hou daarvan om tereggewys te word nie. Tugtiging word nie maklik aanvaar nie. Ek het dit al in my eie lewe gesien en geleer dat as ek verkeerd is, ongeag hoe sterk ek daarteen skop om teregwysing te ontvang, dit baie beter is om my fout te erken en my vrou en kinders om vergifnis te vra as om te stry en standpunt in te neem. Dit los die kwessie vinnig op.

As ek egter reg is, gebasseer op ‘n beginsel in die Skrif, sal ek standpunt inneem, maar met ‘n sagte gees. As my vrou nogsteeds van my verskil, sal ek dit laat gaan. En ek sal eerder vir haar bid dat die Here die waarheid aan haar sal openbaar. Dit neem gewoonlik nie lank voordat sy die waarheid raaksien nie, en dit dan sonder ‘n argument. Ons baklei eenvoudig nie. Verskille word sagkens hanteer en word gou opgelos.

‘n Huis wat sonder ‘n bakleiery is, is heel moontlik. *Jy* kan dit hê. Dit mag dalk tyd neem om die beginsels aan te leer en jy mag dalk ‘n paar keer struikel, maar ek weet dat God gebed verhoor. Hy sal jou gebede verhoor. Onthou dat genade onverdiende guns is. As jy altyd genade deur jou woorde saai, sal jy dit ook maai. Dit is ‘n belofte van die Skrif.

> *Gal 6:7 “Moenie dwaal nie; God laat Hom nie bespot nie;* ***want net wat die mens saai, dit sal hy ook maai.***

> *Gal 6:8 “Hy wat in sy vlees saai, sal uit die vlees verderf maai;* ***maar hy wat in die Gees saai, sal uit die Gees die ewige lewe maai.***

> *Gal 6:9 “En* ***laat ons nie moeg word om goed te doen nie,*** *want op die regte tyd sal ons maai as ons nie verslap nie.”*

Hierdie Skrifte is God se manier – sy beloftes aan ons. As jy gewillig is om enduit saam met God te stap en sy gebooie te onderhou, sal Hy ook al die pad saam met jou stap, en jy sal dan volgens die Gees maai in ‘n gelukkige huwelik. Hy is ‘n goeie God. Jy kan Hom vertrou.